# Boekbespreking

**Elementary Hebrew,** by Leslie Carlson, A.M., Th. D., Professor of Old Testament Introduction and Interpretation, Southwestern Baptist Theological Seminary, Fort Worth, Texas. Baker Book House, Grand Rapids 6, Michigan, 1956.

Uit hierdie boek kan studente baie van Hebreeus leer, veral as hulle reeds iets aan hierdie taal gedoen het en 'n gewone grammatika bestudeer het.

Hierdie boek is mos nie 'n grammatika nie maar 'n „textbook", wat uitgaan van die induktiewe metode.

In sy soort is dit regtig 'n baie goeie boek. Maar wat van die soort en die metode?

Hierdie manier om Hebreeus te leer kan 'n mens vergelyk by die manier om iemand te leer swem deur hom pardoems in die water te gooi.

Vir akademiese onderwys sal 'n sistematiese metode beter wees. Maar wie 'n grammatika bestudeer het vind in hierdie boek baie verduidelikings en wie hierdie boek bestudeer sal begerig word na 'n grammatika.

J. H. KROEZE.

☆

Andrew W. Blackwood jnr.: **The Holy Spirit in your Life.** Baker Book House, Grand Rapids 6, Michigan; pp. 169; 2.50 dollar.

Die skrywer is predikant van die Presbiteriaanse Kerk van West Palm Beach, Florida, V.S.A.

Die skrywer laat ons sien en gevoel die innerlike werking van die Heilige Gees in ons hart. Die Heilige Gees is 'n werklikheid en is ook vandag nog aktief in ons lewe. Hierdie boek is gevoelvol geskrywe. Dit sal met belangstelling gelees word. Hier vind ons geen bespieëling van uitwendige vraagstukke in die Heilige Skrif nie. Hier is 'n weergawe van die werk van die Heilige Gees in ons innerlike lewe. Die boek gryp ons aan, want dit is geskrywe met 'n warme gloed van oortuiging. Die inhoud van die elf hoofstukke is goed gereformeerd, veral die pakkende hoofstuk oor die Heilige Gees en die Bybel. In ons tyd van 'n veruitwendigde, dorre lewe is dit so nodig om hier weer innerlik, geestelik versterk te word. Ons wil hierdie boek van harte aanbeveel.

P. J. S. de K.

☆

Rowley Hill: **52 Sermon Outlines on The Titles of Our Lord.** Baker Book House, Grand Rapids 6, Michigan; pp. 112; 1.75 dollar.

Die skrywer, vroeër 'n predikant van die Kerk van Engeland, gee ons hier 52 kort sketse oor die Name van Jesus. Dit begin met die Seun van die Mens, die Blink Môrester, die Vertroosting van Israel, die Wysheid van God, die Seun van God ens. Hierdie kort sketse gee ons op gevoelvolle wyse wat elke Naam van Jesus beteken en watter troos dit vir ons bied. Ons beveel die lees hiervan van harte aan, en hoop dat vele lesers dit sal aanskaf.

P. J. S. de K.